

Op reis met MIV-positiewe mense

Aneleh Fourie-le Roux

MIV leef in my hart, stap deur my huis, sit vierkantig op my rekenaar, wag in stapels gelese en ongelese boeke en e-posse. Dit deur-drenk my teenwoordigheid by God en met ander. Dit laat my dikwels met meer vrae as antwoorde en met opstandigheid. Nogtans beskou ek dit as 'n voorreg om op hierdie reis te wees. Ek is dankbaar vir die manier hoe God MIV, mense en ook MIV-positiewe mense gebruik om my geloof en die uitlewing daarvan soveel meer konkreet te maak.

My reis

My reis met MIV het begin by 'n ontmoeting met Christo Greyling, seker die bekendste MIV-positiewe NG-predikant in ons land.

'n Paar jaar later ontmoet ek toe Toni Zimmerman, 'n MIV-positiewe predikantsdogter uit KwaZulu-Natal, wie se verhaal baie van julle ook diep geraak het tydens haar praatjie by 2004 se sinodesitting in Hartenbos.

Die harde werklikheid van MIV en vigs het my egter regtig in 2001 getref terwyl ons VCSVDiensjaarspan vrywilligerswerk by 'n hospice in Khayelitsha gedoen het. Hier het ons week na week teruggekom na beddens wat intussen deur nuwe pasiënte gevul is. Hier was die dood werklik en die pyn en lyding wat ons aanskou het, só intens dat ek die eerste keer by God gepleit het om iemand asseblief net te kom haal.

My betrokkenheid by MIV het bly groei. In die proses het MIV vir my 'n ál groter werklikheid geword deur die ontmoetings en verhale van ál meer en meer MIV-positiewe mense – byna almal Christene, toegewyde mense wat naby aan die Here lewe.

Een so ontmoeting wat my altyd bybly, was in 2005 met 'n NG-predikant wat my byna onkant betrap het toe hy sy MIV-positiewe status in 'n vergadering bekendgemaak het. Van sy woorde wat my steeds bybly, was: “Julle weet, as kerk verkondig ons dat ons almal sondaars is wat deur God se genade gered is, ons praat van liefde, aanvaarding en vergifnis, maar in die praktyk, as ons wel struikel, wel 'n fout maak, is die kerk die eerste om ons te veroordeel.”

Ek het met hartseer en skuld verneem dat hy intussen die bediening verlaat het en kan nie help om te dink dat

ons as kerk, as liggaam van Christus, hierdie man en sy gesin diep gefaal het nie.

Tot op hede was die absolute laagtepunt in my reis met MIV egter in 2006 toe twee van my vriendinne onder uiteenlopende omstandighede beide aan vigsverwante siektes gesterf het.

Die een vriendin was bewus van haar man se positiewe status nog vóór hulle verlowing. Sy het nogtans die keuse gemaak om haar liefde vir hom bo haar vrees vir MIV-infeksie te plaas. Ek wil dit nie waag om namens haar of haar naasbestandes te praat nie. Maar die nuus dat sy wel in hulle huwelik geïnfekteer geraak het, was vir my 'n Godverlate oomblik vol seer, woede en opstandigheid. Haar gesondheid het verskriklik vinnig agteruitgegaan. Binne 'n jaar ná infeksie moes ons haar groet.

Tydens haar begrafnis (in 'n NG Kerk in die Kaapse Metropool) is daar geen woord gery oor haar tragiese infeksie nie. Hierdie ontkenning van haar siekte was in 'n groot mate ook 'n miskening van haar getuienis en lyding en het die skynbaar sinneloosheid van haar dood verder geaksentueer.

My ander vriendin was sedert die begin van 2006 siek met 'n verskeidenheid vigsverwante siektes. Sy het nogtans geweier om haarself te laat toets, tot ongeveer twee weke voor haar dood – toe dit reeds te laat was om veel aan haar fisiese lyding te doen.

Stigma en vrees

Deur haar lyding en sterwe het iets van die intensiteit van mense se vrees vir stigma en verwerping verder tot my begin deurdring. Só sterk was hierdie vrees dat, ten spyte van al die kennis wat sy oor MIV en die beskikbaarheid van medikasie gehad het, ten spyte daarvan dat sy self eerstehands mense sien herstel het wat medikasie gebruik het, ten spyte daarvan dat sy van haar man geskei het juis as gevolg van sy ontrouheid (en hy kort daarna gesterf het) – ten spyte van dit alles, was dit vir haar skynbaar draagliker om in pyn te sterf as om te leef met die wete dat sy vigs het.

Iewers tussen al die hartseer, gemis en vrae, stap Cecelia Kruger in 2007 oor my pad – 'n MIV-positiewe vrou en lidmaat van die NG Kerk Helderberg in Somerset-Wes. Sy lewe byna sewe jaar reeds met MIV. Ná 'n lang donker tyd van verbittering en opstand teenoor God, het sy intussen berusting gevind en 'n punt be-

reik waar sy haar status openlik met ander deel. In 'n onderhoud in *Lig sê sy*: “My uitgangspunt is dat my siekte aan my 'n tweede kans op die lewe gegee het. Ek het besef waarom die lewe eintlik gaan. Ek was nog altyd 'n Christen, maar nou het my verhouding met God verdiep. Hy is daar vir my, elke minuut en elke uur van elke dag.”

Meer as twintig jaar ná sy infeksie met MIV bly Christo Greyling en sy vrou, Liesl, vandag steeds 'n inspirasie vir menige Christen en MIV-positiewe mense. Ek sluit af met 'n kort boodskap van Christo:

“As ek oor vigs en die NG Kerk dink, dan is ek beide opgewonde en teleurgesteld. Ek is opgewonde en dankbaar oor die hernude belangstelling in die NGK om iets aan die impak van vigs te doen. Dit kan gesien word in die onlangse NG Kerk-familie vigsforum en aktiewe werk van die Wes-Kaapse vigsstaakgroep. Dokumente wat op skrif verskyn het soos die pamflet ‘Veilig?’ is uitstekend en kan met groot vrug gebruik word. Ek ervaar ook

dat gemeentede wat lewe met MIV met die liefde van Christus aanvaar word.

Wat my egter bekommer, is dat baie gemeentede nog steeds MIV sien as iets wat met ‘ander’ mense gebeur. Dis nog steeds nie ‘ons’ probleem nie. MIV en vigs bied aan ons as kerk ‘n uitstekende geleentheid om geïntegreerde bediening ‘n werklikheid te maak deur saam met gemeentes en gemeenskappe te werk wat direk deur vigs geraak is. Dit vra meer as net ‘n bydrae. Maak dit deel van julle gemeentepan.

Laat dit duidelik wees dat MIV nie net doer ver is nie, maar dat dit ons almal raak. Gebruik die geleentheid om mense wat met MIV lewe, of daardeur geraak is, in julle gemeentes te laat getuig. Help jongmense om die vaardighede en waardes te hê om keuses te maak wat in ooreenstemming is met die Skrif, maar wat hulle ook beskerm teen MIV infeksies. Help ouers hoe om met hulle kinders te praat oor seksualiteit en hoe om waardes te bou. Bou en versterk huwelike. Al hierdie dinge vorm deel van ‘n geïntegreerde vigs-bediening. Sterkte!”

Dis óns probleem – Van bl 6

word sodat 'n gemeente uiteindelik ook 'n veilige hawe sal wees vir hulle eie MIV-positiewe lidmate en families, vriende en kollegas. 'n Gemeente wat by hulleself begin, is ook besorg oor die voorkoming van moontlike infeksies, die afbreek van stigma, die beskikbaarheid van medikasie en die vestiging van gesonde verhoudings onder lidmate. In hierdie verband is dit dus ook baie belangrik om jou eie MIV-status te ken en met verantwoordelikheid daarmee om te gaan.

MIV kom plaas 'n vergrootglas op 'n verskeidenheid van ander kwessies en uitdagings in ons gemeenskappe: armoede, die posisie van die vrou, tienerswangerskappe, werkloosheid en uitsigloosheid, gesinsgeweld, alkohol- en dwelmmisbruik, die kwesbaarheid van kinders en vroue, om maar net 'n paar te noem. Om MIV dus netjies te probeer afbaken tot één projek of één bediening, is eintlik onmoontlik. Om doeltreffend met MIV en die gepaardgaande uitdagings om te gaan, vra nie noodwendig 'n alles-omvattende MIV-program nie; dit vra ook nie dat MIV noodwendig prioriteit bo alle ander kwessies geniet nie. Dit vra wel 'n voortdurende bewustheid van die moontlike impak wat MIV op elke bestaande bediening en projek van die gemeente mag hê. Dit vra wel vir die sensitiwiteit om MIV al hoe meer te integreer in dit wat reeds deur gemeentes gedoen word.

CABSA tot beskikking

Die missie van CABSA vir Suidelike Afrika is om Christene en geloofsgemeenskappe by te staan in hulle reaksie op MIV en vigs deur:

- die beskikbaarmaking van erediensriglyne;
- deur ons webblad wat toegang bied tot 'n omvattende MIV en vigsverwante elektroniese biblioteek: www.cabsa.co.za;



- die weeklikse e-posverspreiding van 'n *Bybelboodskap in 'n tyd van MIV*, wat aansluit by die RCL Leesrooster (uitgegee deur Communitas en Bybel-Media);
- besoeke en optredes op aanvraag (waar dit nie prakties is om die personeel te gebruik nie, sal CABSA gemeentes in kontak bring met opgeleide fasiliteerders); en
- intensiewe opleidingsprogramme.

Behalwe hierdie bestaande dienste besef ons ook dat elke gemeente uniek is en eie behoeftes mag hê. Daarom tree ons ook graag so ver moontlik in gesprek met individue en kerke wat spesifieke leiding nodig het.

Een van ons programme, *Kerke, Kanale van Hoop* het juis ten doel om gemeentes te mobiliseer tot groter verantwoordelikheid en betrokkenheid by MIV en vigs. Kursusgangers word as fasiliteerders bemaatig wat as kanale van hoop 'n pad met hulle gemeentes, organisasies en of gemeenskappe sal stap. Sedert 2003 het ons 400 fasiliteerders opgelei. Dit sluit 40 NG-lidmate en 15 NG-predikante in. Hierdie kursus word minstens drie maal 'n jaar in Suid-Afrika aangebied.

Ná die kursus in Julie vanjaar, skryf ds Hannes Theron van Helderberg: “Dit was een van die sinvolste kursusse wat ek in jare bygewoon het.”

Kontak ons gerus vir meer inligting oor ons dienste of opleidingsprogramme!

- *Aneleh Fourie-le Roux is die koördineerder van opleiding en mentorskap by CABSA.*